Lesing 30.01.2018 - Die Twee Getuies, Moses en Elia, se moord—Lesing 2

Joh 5:45 Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het.

Joh 5:46 Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe.

Moses en EliJaH verskyn op bevel van die Meester.
Moses se aanklag teen die Tempeljode

GROOT JOHANNES EVANGELIE BOEK 6:8 EK het My tot die Judeërs gewend en gesê: "Omdat julle nie wou glo dat Moses en EliJaH alreeds kort voor My koms daar was nie, moet hulle goed herkenbaar hierheen kom en self aan julle sê van watter gees julle is!"

[2] Dadelik het beide profete in ons midde gestaan en het hulle eers diep voor My gebuig.

[3] En ELIJAH sê hardop: "Voor U en U Naam moet alle knieë en harte in die hemel, op aarde en onder die aarde hulle buig!"

[4] Daarop praat MOSES met die Judeërs: "Julle godslasteraars in die tempel van Salomo, julle kinders van die slang, watter duiwel het julle dan verwek dat julle kan sê dat Abraham julle vader is en dat julle op my en Aäron se stoel sit?! Maar noudat julle volkome ongeroepe daarop gaan sit het om die wet, wat deur Elohim aan my gee is, aan die volke te verkondig, waarom herken julle dan nou nie die hoogste Verhewene nie, wat juis op die berg Sinai aan my die wet op twee kliptafels gegee het?!

[5] Julle sê dat ek en hierdie broer EliJaH eers moes gekom het, - wel, ons was albei daar! Maar wie van julle het ons herken en in ons geglo?! En het julle met ons nie presies dieselfde gedoen wat julle met byna alle profete en gewydes van die Meester gedoen het nie?! Wat moet dit dan voorstel as julle, boosaardige huigelaars, voor my naam tot aan die grond buig, maar my vervolg en uiteindelik tussen die altaar en die Allerheiligste gewurg het? Praat en gee antwoord!"

[6] Toe sê daar EEN met `n bewende stem: "O, groot profeet, hy wat daar verwurg is, heet tog Sagaría!"

[7] Daarop praat MOSES: "Booswig, jy is nou oud, maar jy was ooggetuie en jy het alles gehoor wat ek in daardie tyd aan die vergadering van priesters gesê het, toe ek uit die Allerheiligste teruggekom het! Ek het toe gesê: "Luister, broers, Elohim, die Meester het in Sy groot barmhartigheid en ontferming my innerlike aan my geopen en Moses se gees het in my gekom en nou is my siel met Moses se gees één mens, wat nou voor julle staan soos wat hy eens voor die Farao en op die berg Sinai voor Elohim gestaan het! Ek was die eerste wat hierdie stoel neergesit het en op Elohim se bevel daarop gaan sit het - en nou sit ek daarop, omdat Elohim dit so wil hê, as laaste; want in die toekoms sal net die Meester, wat reeds in hierdie wêreld op wonderbaarlike wyse die vlees van `n mens aangeneem het, met hierdie stoel doen wat Hy volgens Sy ondeurgrondelike raadsbesluit sal wil doen!" Julle het woedend geword oor die waarheidsgetroue voorspelling van my, my van die stoel afgeruk en my liggaam verwurg. Het dit nie so nie gebeur nie?"

[8] `n Ander, ook al bejaarde JUDEËR, sê nog bedeesder: "Ja so was dit werklik; maar wie sou nou so-iets kon glo?!"

[9] MOSES sê: "Waarom het `n aantal vrome mense dit dan wel geglo, wat deur julle daarvoor uit die tempel verdryf is na die verre land van die heidene en waarvan daar nog `n paar in die lewe is wat teen julle kan getuig?"

[10] **`N ANDER BEJAARDE JUDEËR** sê nou: "Ja, dit is wel moontlik, - hulle moes in verband daarmee `n visioen gehad het, maar ons het nooit `n visioen gehad nie!"

[11] MOSES antwoord: "O, jy praat `n onwaarheid en vertel aan jouself `n leuen! Want dit alles is aan almal, tot en met die minste tempelkneg toe, sewemaal na mekaar duidelik en verstaanbaar in helder drome in die gees aangekondig en julle het dit nog weke lank gedurende die tyd wat ek stom was, aan almal uitgelê. Hoe kan jy dan sê dat julle in verband daarmee geen visioen gehad het nie?"

[12] DIESELFDE JUDEËR sê: "O - was die droom dan ook `n visioen? Sien nou, sien nou net! Ja, - wie het dit toe kon vermoed!?"

[13] MOSES sê: "O, julle wêreldse, sluwe jakkalse, julle het baie goed geweet aan die hand van talle voorbeelde uit die Skrif, wat helder drome moet beteken! Dink maar byvoorbeeld aan die droom van Jakob, die drome van Josef, die droom van die Farao en nog baie soortgelyke drome; wat baie goed aan julle in die oor gefluister is wat julle visioene, wat tot sewekeer herhaal is, moet beteken; maar julle wêreldse ingesteldheid, julle priesterlike hoogmoed, julle begeerte om onbeskryflik luuks te lewe en julle begeerte tot die grootste moontlike luiheid en tot alle soorte en vorme van hoerery, het julle verblind en verdoof en daarom was julle baie bang om volgens My profesie al julle al te aangename, aardse lewens-voordele te verloor en daarom het julle, in plaas daarvan om julle na Elohim se wil te rig, liewer alles teen Hom ingespan en het julle tot op die uur en tot op die oomblik volledig in opstand gekom teen Elohim. Stofwurms, hoe geval hierdie ware geskiedenis julle?!